# What Will Jesus Do Bediening

Verslag – Oktober 2025

Liewe Kraggakamma Gemeente,

Ons wil graag van harte dankie sê vir julle ondersteuning aan ons bediening, What Will Jesus Do. Julle liefde, bystand en betrokkenheid maak ’n wêreld se verskil in die lewens van die kinders en volwassenes wat ons bedien. Sonder julle sou ons beslis nie die inpak kon maak wat ons vandag sien nie.

Ons bediening fokus steeds op kinders in pleegsorg en die uitdagings en behoeftes wat daarmee gepaard gaan, veral in Forever Family Home. Met julle hulp – saam met die ondersteuning van ander borge en die mense rondom ons – kon ons hierdie maand weer hoop en stabiliteit bring waar dit die nodigste is.

In September het Willie en Elmarie begin om drie volwassenes, sewe kinders en drie babas in hulle huis te huisves. Teen die einde van Oktober het twee volwassenes nuwe verblyf gekry, een kind is herenig met haar biologiese ouers, en een van die babas wat aanvanklik by ons gelaat is, is weer deur sy ma kom haal.

Ons het ook gedurende die skoolvakansie ’n vakansieprojek aangebied waar die kinders kreatief besig was. Die doel was om die oudste dogter (Mellodine) in die huis te help om haar eie aanlyn winkel te begin – iets waarop ons almal baie trots is.

Deur die bewusmaking van die behoeftes in die huis, het ’n plaaslike besigheid betrokke geraak en bied hulle nou een keer per maand ’n “take-away”-aand vir die huis aan – ’n heerlike bederf vir almal. Soos op die vorige verslag is daar steeds ’n mamma wat borsmelk skenk soos die behoefte ontstaan, wat ’n besondere seën is vir die babas onder ons sorg.

Die Zimbabwe sendingfamilie word ook steeds ondersteun, sodat hulle kan voortgaan om sokker te gebruik om Jesus se liefde te verkondig en waar hulle kos aan behoeftige kinders gee. Ons sien dit as ’n groot eer om deel te wees van hierdie bediening wat Christus se liefde op só ’n praktiese manier uitleef.

Ons poog voortdurend om die bediening te versterk deur meer volhoubare vennootskappe aan te gaan met instansies in die dorp en breër gemeenskap, ons hardloop klub, Run 4 Christ is ook nou op ‘n gereelde basis betrokke. Hierdie samewerking help ons om groter impak te maak en op die lang termyn volhoubaar te bly.

Met die aanbreek van November begin ons weer ons Kersprojek, waar ons graag vir elke persoon in die huis ’n geskenk wil gee as ’n teken van liefde en seën. Indien iemand ’n bydrae tot hierdie projek wil maak, sal ons dit opreg waardeer.

Dankie dat julle saam met ons die liefde van Jesus uitleef – prakties, sigbaar en met groot genade.
Mag God julle ryklik seën vir die manier waarop julle gee, bid en omgee.

Met waardering en seën,
Brendon & Christelle
What Will Jesus Do